15.4 BESWAARSKRIF : GK ORANIA – AANVAARDING VAN 'N VERKLARING VAN MENSEREGTE BY NASIONALE SINODE 1985 (Artt 19, 32, 180)

A. Br GL Erasmus stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 1.
C. Ds C Aucamp rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 1.

D. BESWAARSKRIF

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Paragraaf 3.8 *GES-verklaring oor menseregte* (Acta 1985:651)

3.8.1 Die Sinode spreek sy hoë waardering uit vir die insiggewende en deeglike Rapport "RES testimony on human rights" en oordeel dat dit 'n unieke en waardevolle bydrae vanuit 'n suiwer Gereformeerde gesigspunt oor die veelbesproke tema van menseregte bevat. Die kritiese ontleding van die verskeie standpunte oor die saak is objektief en beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n Skrifgefundeerde perspektief.

Besluit: Goedgekeur.

Paragraaf 3.8.2 Die Sinode besluit om die "Pastoral Statement: a call to commitment and action Declaration" (vgl 2.8.4) en die "Declaration on human rights" (vgl 2.8.5) te laat vertaal, in pamfletvorm te lat druk en aan kerkrade en gemeentes beskikbaar te stel.

Besluit: Daar word volstaan met die inligting in die Acta en die inligtingstuk oor die Acta.

Hierdie Beswaarskrif gaan oor die aanvaarding van die 'RES testomy on human rights', beide die wyse waarop hierdie Verklaring in die Rapport by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1984 te Chicago (GES 1984) by die Nasionale Sinode van die GKSA 1985 (Sinode 1985) tot geldende besluit vir die GKSA gekom het, as die inhoud daarvan.
Hierdie GES-verklaring – wat toe GKSA-verklaring geword het – oor menseregte bestaan uit twee dele, nl die Verklaring van Menseregte (Bylae A = Acta 1985:633-637, 2.8.5) en die voorafgaande gepaardgaande Herderlike brief (Pastoral Statement: A call to commitment and action), (Bylae B = Acta 1985:629-633, 2.8.4). Die vertaalde (*Wat sê die Sinode 1985)* Verklaring soos in opdrag van die Sinode aan die kerke deurgegee is (Acta 1985:651, 3.8.2), word in hierdie Beswaarskrif gebruik.

Afkortings: In hierdie beswaar word die volgende afkortings gebruik:

GES = Gereformeerde Ekumeniese Sinode = RES = tans GER
Herdersbrief = Pastoral Statement = Bylae B
VM = verklaring van menseregte = Bylae A
Verklaring = voorgaande gesamentlik , dws Bylae A + B
Hand = Handelinge van die Sinode 1985 = Handelinge 1985
Afkortings van Bybelboekname is sonder die gebruiklike punt aan die einde.

2. Formele beswaar

Die Besluit het onordelik ter besluit gekom

Die Deputate Ekumeniese sake (buitelands) van die GKSA het in hul Rapport oor die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES = RES) 1984 te Chicago, 'n Rapport van genoemde GES voorgehou wat toe deur die GKSA-Sinode 1985 aanvaar is vir eie rekening. Dit beteken dat die GES-rapport nie die ordelike weg van Beskrywingspunt, opdrag, studie, Rapport en besluit geloop het nie, maar van buite die GKSA-Sinode op tafel gekom het en nie as Beskrywingspunt volgens KO, artt 46 en 86 via die kerke nie.

2.1 Geen Beskrywingspunt en versoek met genoemde tema het uit die kerke tot meerdere vergaderings gekom dat oor genoemde sake ivm menseregte uitspraak gegee word of in studie geneem word nie. Daar was dus geen opdrag te dien effekte volgens KO, art

49 waar Studiedeputate of die betrokke Deputate ‘n welomskrewe opdrag tov menseregte ontvang het nie.

2.2 Die Rapport van die Deputate Ekumeniese Sake het wel ordelik gedien. Die GES-verklaring oor menseregte en “Pastoral Statement” wat as deel van die Rapport voorgehou is, en toe as besluit aanvaar is, was egter geen Beskrywingspunt op die Agenda nie.

Genoemde verklarings het dus nie uit die GKSA gegroei en ordelik ter tafel gekom nie. Sodanige optrede van die Sinode 1985 is dus sinodokraties en daarmee vreemd aan die hele presbiteriale kerkregeringstelsel en dus die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in SA as geheel. Dit is dus strydig met een of meer van die volgende Kerkorde artikels:

Artt 1 en 86: ‘...die goeie orde ... tov ...samekomste ...’ ‘maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou totdat die Algemene Sinode anders verorden, nadat geleentheid vir advies deur die kerke gegee is deur middel van die onderskeie Nasionale Sinodes.’

Art 30: Afwyking van die ‘kerklike weg’ en daarmee die KO;

Art 31: Strydig met die artikels van die artikels van die KO;

Art 46: waar bepaal is dat Beswaarskrifte as/soos Beskrywingspunte hanteer word (Acta 1991:526-528)

Art 49: soos hierbo par 2.2;

Artt 17, 84 en NGB, art 31: waar die basis van die presbiteriale kerkregering as bybels vasgelê word en oorheersing en daarmee sinodokrasie uitgeskakel word. Christus regeer oor sy kerk en die ander heers-aspekte is daaraan onderhewig.

3. Prinsipiële besware

Hierdie Verklaring is in talle opsigte strydig met die Bybel en ons Gereformeerde leer.

3.1 Herdersbrief, 1ste par: *Terwyl ons as Christelike Kerke saamstaan in die tradisie van die klassieke Gereformeerde Belydenisse, bevestig ons weer die Bybelse leer dat alle mense oral na die beeld van God geskep is en dat hulle dus met Godgegewe regte begiftig is. Hierdie oortuiging is oorspronklik en blywend gegrond in God se werk van skepping en verlossing as die standhoudende waarborg van die regte verhoudings in elke menslike gemeenskap.*

VM par 1 adem dieselfde: *In die lig van hierdie Bybelse perspektiewe, soos dit in die tradisie van die Gereformeerde Belydenisse verstaan word, bevestig ons met hart en mond die wêreldwye geldigheid van menseregte as die Godgegewe vryheid en verantwoordelikheid van alle mense –*

VM par 2: *Ons bevestig dat menseregte oorspronklik en blywend gevestig is in God se goeie orde vir die skepping, wat wel onder die sonde geval het, maar tans in Christus Jesus verlos is. Daarom aanvaar ons blymoedig die Bybelse eis wat op ons rus om menseregte te beskerm, te bevorder en te beoefen as 'n uiters belangrike manier om regverdig met ons medemense te handel en om geregtigheid en vrede in 'n gebroke wêreld na te jaag.*

Die postulaat dat die mens kragtens sy beeldskap van God met (mense)regte begiftig is, is sonder Skrifgronde en geen poging word aangewend om dit Skriftuurlik te begrond nie. Ook die beroep op die tradisie van Gereformeerde Belydenisse is futiel, want geen Gereformeerde Belydenis noem so-iets nie.

3.1.1 Menseregte is geen Bybels-gereformeerde begrip nie, maar kom uit die stal van die humanisme en vryheidsteologie. Jesus Christus self leer ons in Matt 7:15 ev 27 dat die boom aan sy vrugte geken kan word: dat goeie bome goeie vrugte dra en slegte bome slegtes; dat ‘n mens nie druiwe van dorings en vye van distels pluk nie; dat ‘n goeie boom geen slegte vrugte kan dra nie en omgekeerd. Christus herhaal dit in Matt 12:33 ev. Dat die humanisme en vryheidsteologie ‘n slegte boom is, hoef nie bewys of beredeneer te word nie. Sonde kan in sy wortel nie gekersten word soos met menseregte gepoog word nie.

3.1.2 Indien die mens kragtens sy *skepping* beeld van God is en daarom *oorspronklik en blywend* met genoemde regte begiftig is, is *God se werk van verlossing* mos nie daarvoor nodig nie.

3.1.3 Omdat *God se werk van verlossing* nodig is vir die herstel van die beeld van God in die mens, hou dit in dat gepaardgaande 'regte' slegs geldig sou wees vir die uitverkore gelowiges. Hierdie 'regte' sou dan slegs in die gelowiges herstel word, want Christus het nie vir *alle* mense (pro omnibus) gesterf en versoening bewerk nie soos in die Verklaring staan nie (HK, Son 20 en DL, 2.1.8). Die onbekeerde mens vertoon nie kennis, heiligheid en geregtigheid nie en is dit ook nie meer kragtens skeppingskwaliteite nie.

3.1.4 Dit is waar dat ons in die Bybel daarop gewys word dat die mens, synde beeld van God te wees, hierdie beeldskap moet eerbiedig. Dan gaan dit telkens om die lewe van die mens soos van toepassing op die 6de gebod (Gen 4:10; 9:5, 6; Jak 3:9; HK, Son 40; DL, 3&4 :1). Die mens, selfs die gevalle mens, is wonderlik geskape – Ps 139 besing dit, maar besing veral God as skepper van daardie wonderlike mens.

3.1.5 Die volkome mens, goed geskape in ware kennis, geregtigheid en heiligheid (Ef 4:24; Kol 3:10) is beelddraer van God (NGB, art 14; HK, v/a 6), en benodig geen regte nie, want hy is volkome toegerus om na al die gebooie van God in liefde met God en sy naaste te lewe. Regte sou geen doel dien nie. Daarom is die verlenging van hierdie begrip, as sou God kragtens die skepping van die mens as beelddraers, die mens *oorspronklik en blywend* met *Godgegewe regte begiftig* het, onsuiwer inlegkunde.

3.1.6 Die in sonde gevalle mens kan in homself God en naaste slegs haat (oa 2 Tim 3:1-5). Slegs die wedergebore mens in wie die beeld herstel is, kan in liefde teenoor die naaste lewe, in sonderheid teenoor medegelowiges (Ef 2:1-6; DL, ¾:16). Regverdige optrede teenoor die naaste is gegrond op die liefde waarmee God ons in Christus eerste liefgehad het, en nie in die gewaande regte van alle mense kragtens hul skeppingskwaliteite nie (2 Joh 3-6; Heb 10:24; 1 Joh 2:1-11; 4:7-11). Die liefde wat ons aan die naaste betoon, word deurgaans in die Bybel gekoppel aan gehoorsame navolging van Christus en nie in handhawing van sogenaamde regte nie. Toe Jesus versoek is om te beveel dat een broer die erfenis met die ander moet deel, het Hy dit as hebsug afgewys (Luk 12:14).

3.1.7 In die Bybel lees ons wel van die reg van die weduwee, die wees, die arme, die onderdrukte, die ellendige, die dogter (Eks 21:9; Deut 10:18; Jes 10:2; 40:27; Es 22:29) ens, selfs van die koning (1 Sam 10:25). Maar telkens blyk dit dat dit te make het met reg doen ooreenkomstig Sy wet, volgens God se reg ter beskerming van die mens teen die mens: 'n reg wat die HERE gee (Spr 29:26; Rom 8:3,4) vandaar die gebooie (Rom 7). Die reg van die mens is dus geen ingeskape kwaliteit nie, maar juis genadegawe van 'n Vader wat sy barmhartigheid aan in-sonde-gevalle mense betoon en finaliseer in Christus Jesus ons Verlosser en Middelaar. Die reg het telkens te make met reg doen, reg spreek, in juridiese sin. Dit is nodig, en God eis dit van alle mense, omdat die sondige mens God en naaste haat en dus in eie belang optree in plaas van ander hoër te ag as homself (Pred 12:13; Fil 2:3).

3.1.8 Die VM gee 'n bykomstige definisie van menseregte *as die Godgegewe vryheid en verantwoordelikheid van alle mense.* Hoe pas hierdie kloutjie van die VM par 1 by die oortjie van Herdersbrief, par 1? Dis veelal 'n Bybelse sousie oor 'n humanistiese begronding van menseregte. Telkens word in die VM verwys na die *vryheid* en dan wel die reg tot vrye uitoefening daarvan (VM par 4.4, 4.5, 4.7, 4.9 4.10), en in hierdie definisie gekoppel aan *verantwoordelikheid* – maar sonder verantwoording want die vryheid is skynbaar absoluut.

3.1.9 'Menseregte' gaan veel verder terug as die humanisme of die Franse revolusie (Beswaar, 3.1.1). Reeds in Gen 3 kom die **duiwel** daarmee:
Is dit so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome... – twyfelvraag, vryheid tot reg beperk;
Julle sal gewis nie sterf nie; julle oë sal oopgaan – leuen en futiele belofte en eie reg in vooruitsig

sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken – 'n 'ander beeld' van God as geregtigheid en heiligheid wat hulle onthou is – onregverdiglik!
Opeis van 'n reg buite wat God toeken, is sonde en lei tot oordeel.

3.1.10 In VM par 4 *Maar ons keur openlik ons aktiewe en passiewe medepligtigheid aan die wet van liefde te oortree, af.*
Hier word menseregte en liefdeswet (2de tafel van die Wet?) in aanloop tot die bepaalde menseregte in genoemde par 4, sinoniem gebruik. Hierdie derde definisie van menseregte word ook uit die lug gehaak sonder enige Skrifbewys en is onskriftuurlike en sondige toevoeging tot die Bybel.

3.2 Die onskriftuurlikheid van die begrip 'mensereg' in die Verklaring, blyk duidelik in verdere uitsprake in die Verklaring se Herdersbrief (Bylae B) en Verklaring van Menseregte (Bylae A):

3.2.1 *Ons is immers in die uitoefening van menseregte verantwoordelik voor God, die Regter van almal op aarde* (Bylae B, Herdersbrief, 2de par).

(a) God [en Christus] het ons nie beveel om menseregte uit te oefen nie, wel om mekaar lief te hê (oa Matt 22: Joh 15:12). Uitoefening van menseregte word hier subtiel as plaasvervanger of ekwivalent van die liefdesgebod gesubstitueer en daarmee God se woord verander, strydig met Sy opdrag in bv Deut 4:2; Op 22:18 (kyk ook 3.2.8 van die Beswaarskrif).

(b) Om die uitoefening van menseregte as 'n eis van God te stel, dig aan God eise toe wat Hy nie stel nie en wel vir regte wat nie primêr in 'beeld van God' bestaan nie.

(c) Valse voorveronderstellings (beelddraer = draer van menseregte kragtens die skepping van die mens as beelddraer) lei tot vervalsing van God se eise.

3.2.2 Herdersbrief, 2de par: *As beelddraers van God is ons almal onder die gewigtige verpligting voor God se aangesig om regverdig en onpartydig met ons en ons naastes oor die hele aarde te handel. Daarom is andere se regmatige aansprake op ons en ons regmatige aansprake op hulle, almal ondergeskik aan God se soewereine aanspraak op ons almal Daarin berus die eer van God onder sy mense. (*Hiermee saam ook Herdersbrief, par 3.)
Dis onskriftuurlike taal om *aansprake* – en dit nogal *regmatig* – as God se eise te herdoop.

(a) Die *eer* [verheerliking] van God rus op gehoorsaamheid (Joh 17:4), nie op gewaande regte en daaruit voortvloeiende gehoorsaming van verpligtinge nie.

(b) Regmatige aansprake berus hier op die foutiewe dwaalleer van die bestaan van basiese 'ingeskape' menseregte. In 'n sondige bestaan roep en verplig God ons om regverdig en onpartydig teenoor ons naaste op te tree met die Bybel as riglyn oor wat regverdig en gevolglik onpartydig is. Dit is immers tereg partydig om 'n gelowige lewensmaat te soek en te kies, omdat God ons dit opdra (2 Kor 6:14; 1 Kor 7:39) met deeglike gronde.

(c) 'n Christelike samelewing, gebaseer op 'regmatige aansprake' is geen Godverende lewenswyse nie. God beveel ons tot diensgerigtheid ingebed in die liefde, nie selfhandhawende aansprake op regte – en dit nogal regmatig – nie (2 Kor 5:9; Gal 5:22; Ef 5:2; 21; Eks 20:12;)

(d) Dit is die taal van ons tyd dat ons ons moet bemagtig met kennis van ons regte. Sodoende kan jy jouself handhaaf in hierdie wêreld met 'regmatige aansprake'. Dit is tog geen Bybelse taal of gesindheid nie, soos uit die vorige punt blyk (1 Pet 3:8-14; Matt 5:10).

(e) Hoe meer menseregte in die samelewing beklemtoon en geregverdig word, hoe minder kom daarvan in die praktyk tereg. Dit is morele waardes sonder God, 'n humanistiese filosofie waarteen ons bv. in Kol 2:8 en Op 13:11 gewaarsku word. (Vgl hier die sg Skole-eed.)

3.2.3 Uit par 4 Herdersbrief: ...*Ons kan woorde aanpas uit die boetpsalm van Dawid, wat soos ons op die aanklag van verkragting van menseregte skuldig gepleit het.*

(a) Dawid noem niks van mensereg nie, slegs oortreding teen God. Sy skuldbelydenis in Ps 51 was weens owerspel en moord (6de en 7de Gebod) nie vertrapping van menseregte nie. Owerspel vorm nie deel van die Verklaring nie. Inderdaad is dit meer as aanpassing van Dawid se woord, dis verdraaiing van God se woord, 'n kapstok om die hele Verklaring aan op te hang.
(b) Sonde is ongehoorsaamheid aan God se gebod, om ons Godgegewe doel te mis. Menseregte het vandag die versamelwoord van die skrifgeleerdes se torah geword, oorlewering van mense, filosofieë (Matt 15:9: *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe van mense).*
(c) Vers 7 van Ps 51 word nie aangehaal nie, maar oorgeslaan. Dit lui: *Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, in sonde het my moeder my ontvang.* Dawid onvermoë om reg te laat geskied vanweë die sondeval en gevolglike erfsonde, weerspreek enige gewaande ingeskape reg.
(d) Inderdaad is hierdie 'n *aanpassing* van Dawid se boetpsalm – aangepas tot opwekking kollektiewe skuld, kenmerkend van die vryheidsteologie.

3.2.4 Uit Herdersbrief, par 7: ...*Veeleer moet die ontmenslikkende verwringings wat die sonde bewerk, die dure noodsaaklikheid versterk om ons ywerig in te span om menseregte te herstel en te bewaar. Die gebrokenheid van die samelewing versterk die dringende en spoedeisende oproep om aanhoudend aan vraagstukke van menseregte aandag te gee. Ons mag nie ons oë toemaak of ons ore toestop vir die lot van die armes en behoeftiges nie. Ons mag nie stilbly of swyg nie.*
(a) Dit is God wat die mens uit sy ellende verlos, nie ons handhawing van gewaande regte nie.
(b) Soos in die vorige, staan menseregte op die voorgrond onder die valse voorwendsel dat dit is wat God wil.
(c) Daar is 'n verskil tussen armes en behoeftiges. Tipies van die vryheidsteologie, is God aan die kant van die (relatief) armes. Die rykes moet opdok om hierdie menseregte-god van die vryheidsteologie te behaag.
(d) Ons sal die armes altyd by ons hê (Matt 26:11). Dit beteken nie dat ons hul nood miskyk nie, maar bepaald dat ons help die wat gebrek ly of in nood is (vgl Luk 10:37).
(e) Dit is onverantwoord dat armes bloot weens hul armoede bygestaan word, terwyl van hulle nie wil werk nie. Laasgenoemdes word in hul luiheid, wat sonde is, gesterk (2 Tim 3:10; Spr 6:6 ea uitsprake in Spreuke).
(f) HK, v/a 27; Matt 5:10-12; bely ons oa dat God in sy voorsienigheid ook armoede beskik en dat dit ons uit sy vaderhand toekom. Wil ons wyser wees as God?
(g) Dit is God wat die mens uit sy ellende verlos, nie ons handhawing van gewaande regte nie.

3.2.5 Uit Herdersbrief, par 8 (en 9): In die aanloop waarmee gelowiges net kan saamstem, draai die angel maar weer terug na menseregte met ...*Ons bid vir die moed van ons oortuigings om ons in staat te stel om soos Christus advokate en beoefenaars van menseregte te wees.* Nêrens in die Skrif het Christus Hom as *advokaat* of *beoefenaar van menseregte* betoon sodat ons Hom daarin sou (moet) navolg nie. En dit terwyl Christus uitdruklik verklaar dat Hy nie aangestel is as regter (Luk 12:14) in aardse gedinge nie. So neem ons Christus in diens van en vir ons eie insigte.

3.2.6 Uit Herdersbrief, par 10: *Soos Christus, ons Here, is ons geroep om besondere sorg vir armes en nooddruftiges aan die dag te lê. Deur so die lewe van Christus in ons eie lewe te beleef, is ons afbeelders van God deur regverdig teenoor ons medemense op te tree, dat God sy beeldskap in Christus in ons en in andere herstel kan sien. Sodanige dissipelskap vereis die afbreek van rasse-, etniese en ander vals versperrings en mure van skeiding. Want in Christus is elke onbybelse vorm van diskriminasie geweeg en te lig bevind. Ons naaste se reg moet ons lus wees. Al word opoffering ook gevra, is pogings in daardie rigting uiteindelik waardevol. Die herstel van menseregte bied blywende bevrediging.*

(a) Volgens Herdersbrief, par 2 en Verklaring par 2, is alle mense met Godgegewe regte begiftig, synde beelddraers te wees. In hierdie paragraaf word egter gestel dat belewing (= uitleef) van sorg vir nooddruftiges en armes en regverdige handeling met die naaste, God se beeld in onsself en andere herstel word. Dis onskriftuurlik want die 'dis *saliger om te gee as te ontvang* (Luk 4:6; Hand 20:35) en *laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie'* word verruil vir selfbevredigende handhawing van menseregte vir jouself en andere.

(b) Die mens herstel die beeld van God wat volgens die Brief reeds bestaan. Nêrens in die Skrif word dit geleer nie.

(c) *'dat God sy beeldskap in Christus in ons kan sien',* ons, wie se beste werke met sonde besmet is (Jes 64:6)! Watter aanmatigende stelling!

(d) Daar is geen Bybelse noodsaak nog voorwaarde vir die afbreek van rasse-, etniese- en ander '*vals*' versperrings vir die uitleef van barmhartigheid nie.

(e) Sodanige verskillende rasse en etniese groepe is die gevolg van die sondige Babelbou wat God self bewerk het deur taalverwarring. Nêrens beveel God dat hierdie "versperrings" afgebreek moet word nie. Dit bestaan voort tot met die wederkoms van Christus (Op 21:26).

(f) Herstel van menseregte word hier sinoniem/aanvullend tot sorg vir armes en nooddruftiges gestel, en wel sodanig dat dit blywende bevrediging bring. Op geen wyse kan hierdie stelling bybels regverdig word nie, want die armes sal ons altyd by ons hê. Die nooddruftige word tog nie 'herstel' as aan hom barmhartigheid bewys word nie. Herstel waarin of waartoe? In die dokument word tog verklaar dat die 'herstel' in en deur Christus se versoening geskied. Ons kan nie handjie bysit nie (DL ¾:16).

(g) 'Blywende bevrediging' deur voldoening aan menseregte is geen Bybelse begrip nie. Dit kan nie deur mense blywend bewerk of verklaar word vir die nooddruftige nie, want dit berus by God. *Blywende bevrediging* is geen doel op sigself vir die barmhartige of die ontvanger nie, want die eer van God is die doel.

3.2.7 Herdersbrief, par 11: *Wanneer ons so optree moet ons twee uiterstes vermy: Die isolasietaktiek om ons aan die wêreld se probleme te onttrek en die toegewende dwaling om die integriteit van die kerk in gevaar te stel.*

(a) In aansluiting by die vorige paragraaf, maak hierdie sin geen sin nie. Die <u>*so*</u> het betrekking op die voorgaande sg bewyshandeling van Bybelse barmhartigheid. Wanneer ons *so optree* is daar mos nie ruimte vir die isolasietaktiek nie! Want dan tree ons juis nie barmhartig op nie, dien ons nie 'menseregte' nie (Luk 10:25 ev).

(b) Daar is geen aanduiding van hoe die integriteit van die kerk in gevaar gestel word of kan word '*wanneer ons so optree*' dws barmhartig nie. Soos uit die vorige blyk, word die eer wat God toekom, verskuif na die mens as dit oor menseregte gaan.

3.2.8 Herdersbrief, par 12: *Ons moet dus daarteen waak om nie ons taakvervulling met een van die twee oorheersende ideologieë van ons tyd: individualisme (kapitalisme) of kollektivisme (kommunisme) te vereenselwig nie. Immers, nie een van hierdie twee stelsels is 'n positiewe pleitbesorger vir menseregte nie. Ons moet dus geesdriftig beskermers wees van die vryheid van die kerke om 'n pluralistiese lewenswyse as Bybelse alternatief te verkondig, in die oortuiging dat hierdie samelewingsiening die mees gegronde hoop bied vir 'n vry en verantwoordelike uitoefening van menseregte in geheelopset van al die Goddelik bepaalde instellings in die samelewing.*

Hierdie inleidende woorde tot die res van die paragraaf, val vreemd op tov 'n Bybelse standpuntinname.

(a) Die aanstigting van die hele begrip menseregte, kom uit die humanisme wat kollektivisties ingestel is en deur die kommunistiese vryheidsteologie aangegryp is om die kapitalistiese weste in die beskuldigde bank te plaas en die kommunistiese vergrype te verbloem en kommunisme die 'moral highground' te gee.

(b) Die gelykstelling/identifisering van individualisme met kapitalisme is twyfelagtig. Dit kies vir ‘n bepaalde, uitbuitende vorm van kapitalisme wat in elk geval vreemd is aan die Bybel.

(c) Die gelykstelling/identifisering van kollektivisme met kommunisme gaan eweneens nie op nie. Soos in die vorige word ‘n bepaalde vorm van kollektivisme naamlik kommunisme gekies wat nog nooit Bybels verantwoord was nie, en tog menseregte hoog ag op papier.

(d) Wat is hierdie ideale Bybelse alternatief genoem *pluralistiese lewenswyse*? HAT noem pluralisme *wysgerige rigting wat die hele werklikheid as ‘n veelheid van individuele selfstandighede opvat; teenoor monisme.* Daar word geen aanduiding in die Brief gegee van wat daarmee bedoel word en hoe dit Bybels verantwoord word nie. Ons mag ons nie deur filosofieë laat lei nie (Kol 2:8), maar deur die Woord van God.

(e) *Pluralisties* moet hier klaarblyklik as iets tussenin, en terselfdertyd van elk van die twee oorheersende ideologieë, as Bybels aanvaar word. Sodanige keuse is dan deel van die vryheid van die kerke en basies is elke kerk dan geregtig om haar posisie van voorkeur te kies. Die norm van die Woord word opsygeskuif ten gunste van menslike keuse. Want *sonder vrees of guns moet ons pleit vir die godsdienstige vryheid van elke geloofsgemeenskap om openlik sy standpunte te beoefen onder die regsbestel van die land* (oor lg aanhaling kyk Beswaar, 3.2.10.4.5).

(f) As *al die Goddelik bepaalde instellings in die samelewing* van God kom, waar kry die mens of kerk of sinode die reg om enige sodanige instelling te veroordeel of voorkeur te gee? Dit is nie die terrein van die kerk om die samelewingsinstelling te bepaal nie (NGB, art 36 en KO, art 30), wel om te getuig vir wat God wil.

3.2.9 Herdersbrief, par 13: *Op hierdie wyse kan ons die basiese oorsake van ongeregtigheid blootlê en begin om die enigste doelmatige geneesmiddel toe te dien. Dan kan ons sterk staan wanneer ons ons onderskeie regerings en ander gesagsdraers herinner aan hulle plig: nie om te gee of te misgun nie maar om die Godgegewe regte van mense oraloor te beskerm. Aan hierdie roeping wy ons onsself toe: om te dien as Bybelse stemme vir stemlose menigtes, verdrukte en lydende mense, om te dien as kragtige pleitbesorgers vir die regte van magtelose en hulpbehoewende mense in hulle eie lande en oral in die wêreld.*

(a) In samehang met die vorige paragraaf is dit duidelik dat regstelling van die sogenaamde menseregte by verdruktes, die taak van die kerk moet wees by wyse van pleitbesorging, nie die verkondiging van die evangelie nie. Daar is geen doelmatige geneesmiddel teen uitbuiting en verdrukking behalwe die Evangelie nie. Die praktyk het telkens aangetoon dat die beklemtoning van sogenaamde regte, tot toenemende onvergenoegdheid en wetteloosheid gelei het en nie tot vrede in Bybelse sin nie. Intussen lê **ons, ons** dien die geneesmiddel toe. Met die Evangelie? Nee, met herstel van menseregte! So word die mens sy eie messias.

(b) In die ‘profetiese’ stem van die GKSA by die owerheid, is die owerheid met hierdie GES verklaring van menseregte gekonfronteer nie, maar met die akte van menseregte soos in die grondwet verskans is, i.p.v. met die *so sê die Here* van die Evangelie. Die Herdersbrief, par 14 spel dit ondubbelsinnig uit: *Waar hulle [menseregte] nog nie deel van die regstelsel is nie, moet ons vra vir erkenning in die staatsreg. Waar menseregte verbreek word, moet ons hardop om geregtigheid roep. Waar heersende owerhede menseregte vertrap en teenstand uitskakel, moet ons deur gebed en Christelike besorgheid in die lot van die lydende kerk en ander mense deel, hulle aanmoedig om onbybelse onderwerping te vermy en vir reformasie te pleit.* Reformasie na menseregte toe of ooreenkomstig die Evangelie? Dit is duidelik dat herstel van menseregte in die plek van die Evangelie gekom het as *enigste doelmatige geneesmiddel*.

3.2.10 Die verklaring oor menseregte (Bylae A = VM) vorm ‘n integrale deel van die totale verklaring en kan eintlik nie los van die Herderlike brief verstaan word nie. Soos die Herdersbrief, is die inhoud en uitgangspunte en spesifieke regte soos in VM par 4 verwoord, egter op talle plekke onskriftuurlik en strydig met ons Belydenisskrifte.

3.2.10.1 VM par 1, Bylae A: ...*bevestig ons weer met hart en mond die wêreldwye geldigheid van menseregte as die Godgegewe vryheid en verantwoordelikheid van alle mense:*

(a) Vgl Beswaar, 3.2.1: Dit is slegs ‘n mooi klinkende stelling, ‘n ‘sweeping statement’. Nêrens in die Bybel word die vryheid en verantwoordelikhede van die geskape mens as mensereg(te) aangedui of gekwalifiseer nie.

(b) Nêrens in die VM word na hierdie ‘definisie’ in konteks sodanig gebruik nie, slegs die ‘reg’ en gepaardgaande ‘vryheid’ staan verder voorop. As afgeleide moet dit tog Skriftuurlik verantwoord word, anders is dit ‘n onskriftuurlike toevoeging tot die Skrif wat tog verbode is (oa Deut 4:2).

(c) Die woorde *met hart en mond* herinner en dui inderdaad op die bewoording van die NGB, art 1 en bevestig die Verklaring as ‘n nuwe belydenis rakende menseregte, strydig met KO, artt 86 en 50 (Openlike Verklaring).

3.2.10.2 VM par 2(a): *Ons bevestig dat menseregte oorspronklik en blywend gevestig is in God se goeie orde vir die skepping, wat wel onder die sonde geval het*, *maar tans in Christus verlos is.*

(a) Op geen wyse word Skriftuurlik aangetoon dat menseregte oorspronklik gevestig is in God se goeie orde vir die skepping nie. Daar sal eers bewys moet word dat sodanige regte noodsaaklik deel van die goeie orde is en moet wees. God het tog alles goed geskep dws in ware geregtigheid en heiligheid (Gen 1:31; Ef 4:24). God se geregtigheid (wesenseienskap) wat in die mens se beeldskap deurkom, word hier verander na die besit van menseregte wat deur God aan die mens toegeken of beskik is. Dit is tog geen Bybelse leer nie. Vgl Beswaar, 3.2.1.

(b) Menseregte valslik in oorsprong (beeldskap) van die mens gekoppel, word verder as *blywend* tipeer. Wat deur die sonde geskend is,(en as sulks bely word) kan tog nie in die konteks van die Verklaring as blywend tipeer word nie. Hierdie skending (*in die sonde geval*) word tog duidelik in die Bybel tipeer as teendeel van die goeie, naamlik liefde tot God wat haat word, ‘n onmag tot die goeie (HK, v/a 5).

(c) Hoe word menseregte *tans in Christus verlos*? Afgesien van die onsinnige bewoording, het ons maar weer met die onbybelse algemene verlossingsleer te make soos in Beswaar, 2.3.1 aangetoon word.

(d) Volgens die vryheidsteologie is sonde in strukture geleë – ‘herstel’ die struktuur en weg is die sonde.

3.2.10.3 VM par 3: ...*Ons was traag om die blywende gevolge van die gepleegde oortredings reg te stel...*

Hoe word iets wat blywend is, reggestel.? Hierdie stelling dui waarskynlik op wat bekend is as restitusie soos wat ons in die Waarheids- en Versoeningskommissie gesien het (maar sonder waarheid en sonder versoening in Bybelse sin). Hierdie soort bewoording beklemtoon die versuim om die Menseregte-saak eers deur studie op tafel te bring – vgl Beswaar, 2.1.

Die hele paragraaf 3 is skuldbelydenis tov menseregte – menseregte wat geen Bybelse begronding het nie en die geïnduseerde skuldkompleks deurgee van die vryheidsteologie.

3.2.10.4 VM par 4: In hierdie paragraaf kom die Verklaring tot die eintlike inhoud van ‘menseregte’, ook in sy eisende karakter – die mens se reg tot: lewe; basiese lewensbehoeftes; huweliks- en gesinslewe; vryheid van aanbidding; godsdiensvryheid; werk; vryheid van omgang; politieke deelname; vryheid teen diskriminasie; regspraak; billike aandeel in die ryk hulpbronne van die skepping. Hier is dit duidelik dat die eis en gewaande reg die opdrag ten opsigte van

verantwoordelikheid verbygaan en dus onskriftuurlik is (uitgesonderd die eerste oor reg op lewe wat deels 'gekersten' is weens die uitsluiting van aktiewe aborsie).

3.2.10.4.1 *Die reg op lewe* (kyk VM par 4.1 Bylae A vir volledigheid)

(a) Dit is waar dat God die lewe van die naaste opeis, soos verskans in die 6de Gebod, ongeag dat almal van God die dood verdien vanweë ons sondes. In die Bybel word eerbied vir die lewe egter nie as 'n reg voorgehou nie, maar as 'n verpligting teenoor die naaste en God (Gen 9:5,6).

(b) Die eis van God dat Hy die bloed van die naaste opeis deurdat die moordenaar se lewe opgeëis word, is kennelik afwesig (Gen 9:6; Rom 13:4; HK, So 40). Hierdie weglating van die noodsaaklike eis van God, kom neer op weglating uit die Woord van God wat verbode is (Deut 4:2; 12:32; Spr 30:5, 6; Pred 3:14; Op 22:18, 19). Die erns blyk uit Num 35:30-33 waar God se vloek rus op versuim.

(c) Die wortel van doodslag, nl haat en die eis van God om die naaste lief te hê (Matt 22:37-39), ontbreek in die VM. Dit is puur humanisme wat 'n morele etiek voorstaan maar sonder God. Kennelik is dit in ooreenstemming met die humanistiese verwerping van die doodstraf.

3.2.10.4.2 *Die reg op basiese lewensbehoeftes* (VM par 4.2 Bylae B)

(a) God se wet geld vir alle mense (Pred 12:12) en dit is Hy wat eis dat daar omgesien word na die behoeftige, nie dat die behoeftige dit as reg mag opeis nie.

(b) Die VM gaan verder deur te sê dat die hulpbronne van kos, klere, beskutting, energie en gesondheidsorg *regverdig verdeel* moet word. Dit is 'n simpele toevoeging tot die 'gebied' van die 8ste Gebod (HK, v/a 111) wat nêrens in die Bybel voorkom nie, selfs strydig is daarmee (Gal 6:10), waar ten gunste van geloofsgenote diskrimineer (moet) word.

(c) Dat God gebied dat wie nie werk, ook nie mag eet nie (2 Tess 3:10), dien ook nie as kwalifikasie om in aanmerking te kom by die *regverdige verdeling* nie. Die eisende, arme mens is die hoogste norm en nie God se kwalifiserings nie.

3.2.10.4.3 *Die reg op huweliks- en gesinslewe* (VM par 4.3 Bylae A) *wat opeis om onbybelse struikelblokke tot 'n vrye keuse van huweliksmaats te verwyder...*

(a) Met die eerste oogopslag klink hierdie 'reg' aanneemlik. *Bybelse 'struikelblokke'* is moontlik beperkings soos 1 Kor 7 en 2 Kor 6:14 wat nie genoem word nie, want dit pas nie by die hooggeroemde reg tot vryheid nie. Die ouers se verantwoordelikheid ten opsigte van byvoorbeeld kinders uit gemengde huwelike wat moet worstel met verwerping deur gemeenskappe, is nie ter sprake nie. Hierdie gewaande reg tot vryheid word opgeëis vir alle mense ongeag of hulle in God dit met verantwoordelikheid gebruik al dan nie.

(b) Dit is duidelik dat die VM hom hier besig hou met maatskaplike wetgewing soos die wet teen gemengde huwelike van die destydse apartheidsregime. Inperking van vryheid tot vrye huwelikskeuse word as onbybels tipeer sonder dat enige Skrifbewyse voorgehou word. Dit impliseer dat die patriargale stelsel van die Bybeltyd ook onbybels is in die geskiedenis van bv Rigters 11:36.

(c) Weereens staan die 'reg' bo die verantwoordelikheid, 'n reg wat nie Bybels fundeer is nie. 'Reg' is nie verpligting of roeping nie.

(d) Hierdie 'reg' staan los van die primêre verantwoordelike huweliksplig op gelowiges wat huwelike tussen gelowiges en ongelowiges afwys (1 Kor 7:16; 2 Kor 6:14, 15). Die gelowige het geen reg tot vrye huwelikskeuse as God in sy Woord dit verbied nie, ook nie die ongelowige nie (Pred 12:13).

3.2.10.4.4 VM par 4.4, Bylae A: *Die reg op vryheid van aanbidding – wat van ons eis om in te tree vir vervolgde godsdienstige gemeenskappe, onder Christene en andere,*

sodat aan hulle geleentheid gegee word om sonder hindernis, diskriminasie of vergelding in hulle plekke van aanbidding byeen te kom.

(a) Die antwoord van Christus aan die duiwel (Matt 4:10): "Gaan weg, Satan! Want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" word oorboord gegooi in die humanistiese eis tot vryheid van aanbidding waarin wesentlik geëis word dat almal die vryheid moet hê om te aanbid wie hulle wil. Dit is louter voorspraak vir afgodsdiens (1 Kor 10:19, 20).

(b) Dit is wesentlik 'n verkondiging dat alle godsdiens(te) gelyk is, ook die aanbidding van Satan, want almal moet dieselfde reg tot hierdie vryheid geniet. Christelike kerke eis nou kragtens regte inherent aan beeldskap van God, regte op vir die vyande van God!

(c) Die Bybelse leer dat die saligheid in niemand anders is as in Christus en daar geen ander naam onder die hemel gegee is waardeur ons gered moet word nie (Hand 4:12), word met hierdie 'bybelse''reg's-toekenning verwerp.

(d) Hierdie standpunt is strydig met wat ons bely in NGB, art 36, naamlik dat die owerheid ook die taak het om die 'heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel'.

3.2.10.4.5 *Die reg op godsdienstige vryheid* (VM par 4.5, Bylae A) Geen verskil bestaan wesentlik met die vorige reg tot vryheid van aanbidding nie. Dieselfde onbybelse leer word in hierdie 'reg' eerbiedig. Afgodery moet volle geleentheid kry – en dis 'n reg!

3.2.10.4.6 VM par 4.6, Bylae A: *Die reg op werk – wat ons oproep tot reformasie van ekonomiese stelsels wat sommige mense ten koste van andere uitbuit, van werksomstandighede wat mense se lewens uiteenskeur, hulle van sinvolle indiensneming beroof en 'n regverdige loon vir hulle arbeid van hulle onthou.*

Dit is duidelik dat hierdie 'reg' gemik is/was teen oa sekere praktyke van die apartheidsregime met sy instromingsbeheer, werkafbakening en trekarbeid wat sekerlik moeilik in die praktyk goedgepraat kan word. Dit gaan hier egter om meer, naamlik reformasie van ekonomiese stelsels.

(a) Al die genoemde wanpraktyke word in die Bybel veroordeel, maar nie op grond van die reg van die lyer nie, maar op grond van ons roeping om regverdig op te tree as eis van God aan alle mense. Dit vorm onlosmaaklik deel van die liefdesgebod (Matt 22:37-40).

(b) Die onwil, weerstand, ontwyk van werk deur die mens in verset teen die bevel van die Here in (oa Gen 1:28; 2:15; Eks 20:9; Spr 6:6; Ef 4:28; 2 Tess 3:10), is die eintlike saak wat moet reformeer. Die beste Gereformeerde arbeidspraktyke verleen geen reg tot werk nie, wel die verantwoordelikheid om deur arbeid ook ander in barmhartigheid te dien.

3.2.10.4.7 *Die reg op vryheid van omgang* (VM par 4.7 Bylae A) *wat van ons eis om spesifieke samelewingsreëlings te bevorder; hierby word gedink die wat moontlikhede bied van lewensverrykende verskeidenheid van vrywillige assosiasies waarin mens, getrou aan hulle onderskeie oortuigings, kan organiseer om wettige mikpunte en doelstellings te bereik – of dit nou kulturele, sosiale, ekonomiese, politiese, opvoedkundige, wetenskaplike of ontspannende of ander gerigtheid het; en wat die regte van vakunies, as vrywillige verbintenisse van werkers, beskerm*

(a) Afgesien van die opeis van 'n gewaande 'reg' soos by al die ander, eis hierdie VM dat die kerk en gelowiges afsonderlik hul moet beywer vir sake wat geen kerklike saak is nie, strydig met KO, art 30;

(b) Alle oortuigings ens, ongeag of dit Christelik-Bybels verantwoord kan of mag word, word oor dieselfde kam geskeer. Dis nie Bybels verantwoord oor

bv 1 Joh 4:2, 3. Hierdie dwaling toon reeds ooreenkomstig Kol 2:8 hoe die humanistiese wysbegeerte die Gereformeerde leer as buit weggevoer het.

(c) Ook gekwalifiseerde ('vrywillige') vakunies tel onder die beregtigdes wie se regte verdedig moet word, ten spyte daarvan dat weinig in dien enige vakunies Bybels sal kwalifiseer ten aansien van die bevordering/handhawing van Bybelse werksetiek wat een van die basiese onderdele van die 4de, 5de en 8ste Gebod is.

3.2.10.4.8 *Die reg van burgers om verantwoordelik deel te hê aan die politieke bedrywighede van die nasie* (kyk VM par 4.8 Bylae A vir volledige 'reg')

(a) In ooreenstemming met par 3.2.10.4-6, word hier aan politieke praktyke gelyke regte geëis ongeag of die politieke praktyke Bybels verantwoord is. Dit gee aan die kommunistiese party dieselfde 'reg' as aan die Christelike, wat daarop neerkom dat direk teen die opdrag/openbaring van God, ook die kwaad gesanksioneer (mag) word (Rom 1:32).

(b) Hierdie 'reg' kwalifiseer dat 'verantwoordelik' aan politieke bedrywighede deelgeneem word. Op geen wyse word hierdie verantwoordelikheid definieer of gekwalifiseer synde Bybels verantwoord te wees nie. Die vryheid is die hoogste norm.

(c) Weereens bevind die kerk/GKSA hom op 'n terrein wat geen kerklike is nie, strydig met KO, art 30, net soos in die vorige paragraaf.

(d) 'Burgers' sluit alle burgers in en ken aan alle burgers (wat nie Bybels nie maar staatswetlik gekwalifiseer word) 'n reg toe om verantwoordelik deel te hê aan die staatsbestel. Hierdie 'verantwoordelik' kan alleen Bybels evalueer word en word nie eens as sulks gekwalifiseer nie;

(e) Die VM bevorder hier ook die saak van ongelowiges om hul Godvyandige idees te bevorder, selfs die reg het en die vryheid daartoe moet hê, strydig met Rom 1:32: *mense wat – al ken hulle die verordeninge van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.*

3.2.10.4.9 *Die reg op vryheid van keuse in onderwys* (VM par 4.9 Bylae A) – *wat ons oproep tot verdediging van die voorkeurreg van die huisgesin om die soort skool wat sy kinders sal bywoon, te kies sonder dat daar onregverdige nadele aan sulke keuses verbind is, sodat alle skoolstelsels, ongeag hulle godsdiens of filosofie, by die regering gelyke staatsregtelike rang sal hê.*

(a) Hier bevind die kerk haar weer op die terrein van die staat, strydig met KO, art 30;

(b) Inherent word alle godsdienste gelyke status en daarmee saam gelyke status van Christelike onderwys met die heidense. En dit terwyl die HERE ons beveel om ons kinders in Sy weë te onderrig (Deut 6). Hier word die kerk daadwerklik opgeroep om valse godsdiensonderrig vir almal te waarborg as "*Godgegewe reg ... oorspronklik en blywend gegrond in God se werk van skepping en verlossing as die standhoudende waarborg van die regte verhoudings in elke menslike gemeenskap*" (Brief, par 1, Bylae B)!

(c) Hierdie 'reg' verleen aan Gereformeerde/Gereformeerde ouers toestemming om hul kinders in die antichristelike staatskole van die RSA te onderrig en te laat onderrig, strydig met hul doopbelofte. God laat hom nie bespot nie!

3.2.10.4.10 *die reg op vryheid van alle vorms van diskriminasie* (VM par 4.10, Bylae A) – *wat ons oproep om menseregte vir almal te bepleit, sonder onderskeiding gegrond op ras, kleur, etniese oorsprong, godsdiens, geslag, taal, sosiale status, politieke oortuiging, rykdom of eiendom.*

Hierdie 'reg' is strydig met die Skrif wat ons juis opdrag gee tot diskriminasie. Maar dan diskriminasie op grond van geloof. Die ander sake of persone word bygesleep om die gelowige met valse skuldgevoel van 'Bybelse' diskriminasie te weerhou (en dan as die verdraagsame te prys?) As God ons daartoe oproep

om die geeste te ondersoek of dit uit God is (1 Joh 4:1 ev), kan ons die uitslag van sodanige ondersoek nie losmaak van diskriminasie (onderskeid maak) nie, ook nie as ons beveel word om goed te doen aan alle mense, die meeste aan die huisgenote van die geloof nie (Gal 6:10). So word ons weereens opgeroep tot pleitbesorgers van die kwaad.

3.2.10.4.11 *Die reg op onpartydige uitvoering van openbare reg* (VM par 4.11; Bylae A)

(a) Hierdie 'reg' kom oënskynlik die naaste aan die Bybel van enige van die ander 12 regte in VM par 4, behalwe dat die bevel van die Here aan gelowiges in bv Eks 22:21, 22 rakende die vreemdeling en die weduwee, hier tot reg herdoop word, wat die deur wyd oopmaak vir die eisende in plaas van die ootmoedige mens; op die 'verontregte' ontvanger in plaas van die barmhartige gewer aan wie God hierdie opdrag gee.

3.2.10.4.12 VM par 4.12 Bylae A) *Die reg op 'n billike aandeel in die ryk hulpbronne van die skepping wat ons oproep, [terwyl hierdie gegewenhede van die skepping ontwikkel maar ook teen uitbuiting en besoedeling beskerm word], om verbruikersgulsigheid teen te gaan en om die volslae armoede van behoeftiges oor die hele wêreld uit te skakel* ([]hakies bygevoeg ter wille van duidelikheid).
(LW Hier word twee uiteenlopende begrippe saamgroepeer, nl *reg op 'n billike aandeel in die hulpbronne* en teenstand teen *verbruikersgulsigheid* en *beskerming van die hulpbronne teen uitbuiting en besoedeling*, wat nie met die bepaalde 'reg te make het nie, dws buite konteks. Laasgenoemde handel oor die rentmeesterskap van die mens tov die aarde waaroor die mens moet heers. Billikshalwe kan tereg beredeneer word dat uitbuiting, gulsigheid en besoedeling die 'regmatige' aandeel van die behoeftiges verminder.)

(a) Nêrens in die Bybel word aan wie ook al 'n aandeel in die ryk hulpbronne van die skepping as **reg** toegestaan nie, vergeet nog 'n billike een ('n billikheid wat deur wie volgens watter norme toegewys word?). Dit is puur die taal van die kommunis en die vryheidsteoloog, die taal van die draak in die gewaad van die teoloog. Nadat die behoeftige se 'reg' op basiese lewensbehoeftes bevredig is (sodat daar geen arme meer in Israel sal wees nie?) in VM par 4.2, kom daar nog 'n 'reg' by – tot watter Bybelse nut? Dit is 'n interne weerspreking, want hierdie 'reg' kan tereg as *verbruikersgulsigheid* gebrandmerk word. *Die bloedsuier het twee dogters: Gee, gee*! (Spr 30:15). Die kommunistiese onderrok hang ver uit.

(b) Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan (Ps 24:1 vgl 1 Kor 10:26 se onverwagte toepassing). Dit is die mens nie beskore om te besluit oor wie daaraan deel mag hê of wat selfs 'n billike aandeel sou wees nie. Ons kan en moet dit dankbaar gebruik.

(c) In HK, v/a 27 bely ons aangaande die voorsienigheid van God: *Die almagtige en alomteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte , rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand ons toekom*. In hierdie 12de opgeëisde 'reg' kom niks van hierdie ootmoedige belydenis tereg nie, slegs die eisende mens (Luk 12:13-15).

(d) Vanuit 'n onbybelse toekenning van 'menseregte', word 'n verdere toevoeging gemaak (*en om die volslae armoede van behoeftiges oor die hele wêreld uit te skakel)* wat beide verbode toevoeging tot die Bybel is. Die armes sal ons altyd by ons hê en God bepaal uiteindelik wie arm en wie ryk sal wees. *Die profete profeteer vals in my Naam; Ek het hulle nie gestuur en hulle geen bevel gegee en met hulle nie gespreek nie; hulle profeteer vir julle 'n leuengesig en nietige waarsêery en bedrieëry van hulle hart* (Jer 14:14).

3.2.10.5 VM par 5, Bylae A: *In hierdie voortgaande inwerkingstelling van die GES-1984 Rapport oor Die kerk en sy sosiale roeping herbevestig ons ons verpligting tot die taak van die kerk. Dit geld vir die predikende, pastorale, diakonale, en gemeenskapsoekende bediening van die kerk – om daardeur 'n lewende en kragtige pleitbesorger en beoefenaar van 'n Bybelse siening oor menseregte te wees, as 'n beslissende deel van die kerk se taak om die Christelike gemeenskap vir sy getuienis in die wêreld toe te rus.* (Hiermee saam die VM paragrawe 6 tot 11 Bylae A, wat lidkerke van die GES oproep tot bevordering van menseregte van en vir almal.)

Verskeie stellings in hierdie paragraaf is hoogs twyfelagtig, hoofsaaklik omdat dit gebou is op 'n onskriftuurlike siening van die roeping van die kerk tov menseregte.

(a) Die taak van die kerk (en gelowiges) word in die Bybel veelvuldig omskryf en beskryf oa Matt 5-7. In terme van die bestaanswyse van kerk in kerkverband, is die reeds bestaande verband 'n getuienis van ooreenkomstig die Woord van God, nie 'n oorkoepelende gesag wat van bo die kerke se roeping in die wêreld uitspel nie.

Die begrip menseregte in hierdie Rapport, is geen Bybelse nie, maar humanistiese soos in par 3.2 van hierdie beswaar uiteengesit.

(b) Ons mag geen pleitbesorgers en beoefenaars wees van anti-bybelse filosofieë nie waar die mens eisend in plaas van ootmoedig voor God en die wêreld moet staan nie.

(c) Ons mag nie die wêreld tegemoetkom en ondersteun in sy eise om gelyke beregtiging en uitdra van sy humanistiese leerstellings nie. Daarmee noem ons reg verkeerd en verkeerd reg; word leuen waarheid.

3.2.11 Ten slotte: In hierdie Verklaring word telkens verklaar dat nastrewing en handhawing van menseregte in effek nakoming is van God se opdrag tot naasteliefde, hetsy geheel of gedeeltelik. Volgens ons Gereformeerde leer doen ons die Wet uit dankbaarheid (oa HK, So 1). In Sondag 32 bely ons wat dit behels:

1) Christus het ons met sy bloed gekoop;
2) ook deur sy Gees tot sy ewebeeld vernuwe
3) sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons dankbaar is vir Sy weldade
4) Hy deur ons geprys word
5) ons deur die vrug daarvan bewys van ons geloof kry
6) ons naaste daardeur vir Christus gewin kan word.

In die verklaring word wel van hierdie aspekte aangeraak, maar dan onbybels gerek tot menseregte as uitvloeisel van beeldskap van God/Christus. Nêrens in die verklaring kom voldoening aan menseregte na vore as dankbaarheidslewe nie, want dit sou strydig wees met die hoofopset – óns voldoening aan die regte van die mens; óns herstel van die beeld van God; óns bewys aan 'n afwagtende wêreld dat aan hulle eise van selfgestelde geregtigheid – wat ons sanksioneer – voldoen word, in plaas van die eer van God.

[4]Net om U wil te doen soos in u Boek
- die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan,
dit wil ek HEER van ganser harte soek.

Ek bied u hart en hande
in wilge offerhande –
al wat ek is en het;
diep in my ingewand
waar liefde en ywer brand,
draag ek u heil'ge wet
(Ps 40:4,5 Totius beryming)

[5]Nou sal ek U geregtigheid laat hoor;
daarvan in groot vergadering
vry-uit die blye boodskap bring
uit dankbaarheid tot sanglus
aangespoor.,
U trou wat nooit beswyk het,
u heil wat ons geblyk het -
u guns oneindig groot
sal ek my hulde bring
in groot vergadering.
van vriend en vreugdgenoot

3.3 Die Verklaring oor Menseregte het die GKSA binnegesluip as 'n 4de belydenisskrif, soortgelyk aan dié van Belhar of die Kairos-dokument, sonder enige toetsing. Intussen

het dit soos ‘n kwaadaardige gewas stelselmatig die gereformeerde fondament ondergrawe sodat die oewerheid met dié se verklaring van menseregte op gelyke grond aangevat kan word maar sonder: so sê die HERE.

Vergelyk ons die voorlegging (profetiese getuienis?) van die GKSA Deputate vir skakeling met die owerheid aan die Portefeulje-Komitee van die Departement van Binnelandse Sake (*Die Kerkblad*, Nov 2006) met die ‘voorlegging’ van Paulus op die Areopagus (Hand 12:22-33), dan val die verskille in die oog.

> Eersgenoemde begin met die afwysing van homoseksualisme synde (tereg) teen die skeppingsorde en dat God die heterogame huwelik ingestel het. Dan word verwys na die Christelike etiek en samelewingstandaarde van die bevolking wat normatief behoort te wees vir die owerheid se wetgewing. So gaan dit voort met ‘n beroep op die sielkunde en Christelike liefde van kerk en samelewing teenoor homoseksueles vanweë hul reg tot volle menslike behandeling. Homoseksueles het die verantwoordelikheid om hulle te weerhou van enige vorm van homoseksuele gedrag en kan nie aanspraak maak op die reg van ‘n homoseksuele huwelik nie.
>
> Paulus daarenteen beroep hom deurgaans op God as skepper en onderhouer daarvan, ook die mens as totaal afhanklik van God. Die mens se opdrag en verantwoordelikheid om dié God te eer en te gehoorsaam, ook weens Sy komende oordeel na die opstanding uit die dood.

Dit is duidelik dat daar ‘n totaal verskillende uitgangspunt is en dat van sg mensereg geen sprake is by Paulus nie – slegs die reg van God om te verorden en te oordeel oor sy skepping.

4. Slotopmerking

Menseregte het geen plek in die teologie of godsdiens van die Calvinis-gereformeerde lewe en dus van die GKSA nie. God alleen het regte om te eis dat die mens Hom sal dien en eer in gehoorsaamheid aan sy Woord. Ons mag die Satan se verleidende woorde nie normatief as gereformeerd voordoen en dan voorgee dat dit deel van die Gereformeerde tradisie is nie. Ons mag nie God en die Duiwel dien nie, maar hom weerstaan.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Beredenering

1.1 Oor “formele beswaar”

1.1.1 Die beswaarde beweer dat die GES-verklarings onordelik op die Sinode se tafel gekom het aangesien geen Beskrywingspunt uit die kerke gekom het om oor sake ivm menseregte uitspraak te gee nie, maar via die Rapport van die Deputate Ekumeniese Sake. Hieroor beweer hy dat die betrokke Deputate nie kragtens KO, art 49 ‘n welomskrewe opdrag ontvang het oor menseregte nie.

1.1.2 Die betrokke Deputate het egter opdrag ontvang om die vergadering van die GES in 1984 te Chicago by te woon en daaroor te rapporteer.

1.1.3 Die GKSA was op daardie stadium lid van die GES en rapportering oor wat op die vergadering van die GES gebeur het is logieserwys deel van die opdrag aan die betrokke Deputate.

1.2 Oor “prinsipiële beswaar”

1.2.1 Drie dokumente van die GES wat oor menseregte handel het op die Sinode van 1985 gedien:

1.2.1.1 ‘n 154-bladsy “RES testimony on human rights” wat in boekvorm uitgegee is.

1.2.1.2 ‘n Dokument “Pastoral Statement: a call to commitment and actio Declaration”.

1.2.1.3 ‘n Dokument “Declaration on human rights”.

1.2.2 Al die beswaarde se prinsipiële besware is gerig teen die inhoud van die “Pastoral Statement” en die “Declaration”, en word ook aangehaal uit die vertaalde weergawes van die twee dokumente, terwyl die inhoud van die “Testimony” glad nie aangehaal of onder beswaar kom nie.

1.2.3 Die Sinode het slegs oor die “Testimony” ‘n besluit geneem deur sy waardering daarvoor uit te spreek, met motivering. Oor die ander twee dokumente, waarteen die beswaarde sy besware rig, is geen besluit geneem behalwe dat ‘n voorstel dat dit vertaal en in pamfletvorm uitgegee moet word nie goedgekeur is nie en daar besluit is: *Daar word volstaan met die inligting in die Acta en die inligtingstuk oor die Acta.*

1.2.4 Die beswaarde grond dus sy prinsipiële besware teen ‘n dokument wat op geen stadium deur die Sinode vir eie rekening geneem is of waarvan die inhoud deur die Sinode aanvaar is nie.

1.2.5 Die beswaarde rig dus sy beswaar teen ‘n besluit wat nooit deur die Sinode geneem is nie.

1.2.6 Die beswaarde gaan so ver om te beweer dat die Verklaring oor Menseregte “*die GKSA binnegesluip het as ‘n 4de belydenisskrif soortgelyk aan die van Belhar of die Kairos-dokument”,* terwyl die Sinode nie eers ‘n besluit oor die “Verklaring” geneem het nie.

Besluit: Kennis geneem van 1.1.1 tot 1.2.6.

2. Bevindings

2.1 Oor “formele beswaar”

Die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Oor die “prinsipiële besware”

Die besware word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Dat die beswaar nie gehandhaaf word nie.

Besluit: Goedgekeur.